

Die ANC vier sy 98ste verjaardag... maar dubbel met die toekoms van Suid-Afrika

Sampie Terreblanche

In enige gemeenskap moet goeie meganismes van beloning-en-bestraffing bestaan om die goeie orde te handhaaf en die algemene belang te bevorder. Sedert 1994 misbruik die ANC-élite sy "absolute" mag om sy élite oormatig te beloon én teen bestraffing te verskans. Die ANC het gister sy stigting van 98 jaar gelede herdenk. Maar die ANC dubbel met die toekoms van Suid-Afrika met die manier waarop hy sy eie élite buite alle verhouding verryk.

Hieronder word aangedui hoe moeilik dit was om in die geskiedenis van die Westerse wêreld "goeie" meganismes van beloning-en-bestraffing te ontwerp. Aan die einde word aangetoon hoe "gebrekig" die meganismes is wat tans in die VSA, maar veral in Suid-Afrika, gebruik word.

Alle gemeenskappe (of lande) moet oor meganismes beskik wat diegene wie se gedrag die goeie orde en die algemene belang bevorder, op 'n billike wyse sal beloon en diegene wie se gedrag die goeie orde ondermyn en die algemene belang benadeel, op 'n billike wyse sal bestraf.

Die meganismes van beloning en bestraffing werk verskillend op godsdienstige, maatskaplike, juridiese, politieke en ekonomiese terreine, maar die bedoeling daarvan is altyd dieselfde.

Gedurende die Middeleeue het die Rooms Katolieke Kerk 'n belangrike rol gespeel om orde en vrede in Europa te handhaaf. Die Kerk het aan diegene wat hulle voorbeeldig gedra het, die vooruitsig van ewige saligheid voorgedra, terwyl diegene wat in sonde volhard het, gewaarsku dat die straf van die hel hulle voorland is.

Ongelukkig het hierdie meganisme en sy ordende rol mettertyd deur die aflaatstelsel gekorrupteer geraak, toe mense hulle sonde – óók die sondes wat hul nog gaan pleeg – kon "afkoop!"



In die laaste kwart van die 15de eeu het verskeie van die feodale gebiedskonings in Europa hulle mag gekonsolideer deur met grofgeskut hulle weerspanninge landhere tot onderdanigheid te dwing. Die konings het toe oor "absolute" politieke mag beskik. Die meganisme van beloning-en-bestraffing wat hierdie absolute monarge vir meer as drie eeue gebruik het om aan die bewind te kom en aan die bewind te bly, was egter uiters arbitrêr. Faksiegevegte was daarby aan die orde van die dag. Van die 39 konings en koninginne wat sedert 1066 die Engelse troon bestyg het, was opvolging in meer as die helfte van die gevalle omstrede en het dit met moorde, oorloë en/of usurpasies gepaard gegaan. Ná opvolging het die monarg die faksies wat hom ondersteun het arbitrêr beloon en sy/haar teenstanders arbitêr gestraf.



Filosowe het later aan die meganisme van beloning-en-bestraffing wat bedoel was om die goeie orde en die algemene belang te bevorder, 'n morele grondslag probeer gee. Thomas Hobbes (1651) het beweer dat die mens wat oor rasonele vermoëns beskik die wildste en gevaarlikste van alle diere is. Om die „wolf“ in die mens te tem en die „oorlog van almal teen almal“ van die natuurlike staat te bekamp, is dit volgens hom nodig dat alle gemeenskappe deur (absolute) diktators regeer sal word. Die diktator kan regte en eiendom aan die bevolking toeken, maar sy eintlike taak was om alle vorme van wangedrag meedoënloos te bestraf om die nodige *orde* af te dwing.

Teenoor Hobbes het iemand soos Adam Smith het in 1759 beweer dat die mens van nature nie so "sleg" is soos Hobbes gereken het en ook nie so "goed" soos Locke gemeen het nie, maar dat mense in 'n "goeie gemeenskap", goeie morele gewoontes sal aanleer. 'n "Goeie gemeenskap" sal diegene wat hulle "goed" gedra, spontaan beloon en diegene wat hulle "sleg" gedra, spontaan met sosiale sanksies bestraf. Mettertyd sal almal gedissiplineer word om hulle hul *eiebelang* met *omsigtigheid* na te jaag.

Smith het in gebreke gebly om te sê hoe 'n "goeie gemeenskap" tot stand kom. Hy het wel 'n sterk pleidooi gelewer dat die staat die armes moet ophef omdat 'n gemeenskap waarin groot armoede bestaan, nie 'n goeie gemeenskap kan wees nie.



In die tydperk van absolutisme was regspleging net so arbitrêr as die absolute konings se besluite. Die juridiese meganisme van beloning-en-bestraffing het meestal die hoër stande onverdiend beloon, en die laer stande onverdiend gestraf. Eers met die opkoms van demokrasie in die 20ste eeu – en ná die aanvaarding van grondwetlike bestelle deur baie lande - maak die juridiese meganisme van beloning-en-bestraffing 'n belangrike bydrae tot die handhawing van 'n goeie orde en tot die bevordering van die gemeenskaplike goeie.

In die 17de en 18de eeu het die Europese konings met absolute mag hulle gunsteling beloon deur aan hulle geoktrooierde maatskappye met monopolistiese handelsregte in dele van die koloniale wêreld toe te ken. Sommige van die Merchant Monopolists was baie suksesvol en het mettertyd oor groot mag en rykdom beskik. Die hooftema van Adam Smith se *Wealth of Nations* (1776) was 'n pleidooi dat die Merchant Monopolists van hulle monopolistiese oktrooie ontnem moet word omdat hulle hul mag misbruik het om hulleself ten koste van die gemeenskap te verryk.

In sy ywer om van die Merchant Monopolists ontslae te raak, het Adam Smith hom beroep op 'n denkbeeldige beloning-en-bestraffingsmeganisme wat onder sekere "ideale" omstandighede in 'n *markeconomie* sou kon opereer. Hy beweer dat (i) *as* daar reeds 'n "goeie" gemeenskap bestaan, (ii) *as* alle individue gedissiplineer is om hulle eiebelang met omsigtigheid na te jaag, (iii) en *as* alle monopolieë afgeskaf kan word, die beloning-en-bestraffingsmeganisme via 'n *markeconomie* so goed sal werk dat individue wat hulle eiebelang najaag ... "[will be] led by an invisible hand to promote an end [i.e. the general interest] which was no part of [their] intention."

Smith het egter toegegee dat die drie voorwaardes wat in plek moet wees voordat die meganisme van beloning-en-bestrafing via die markmeganisme die gewenste resultaat kan lewer, te streng is en daarom nooit verwesenlik kan word nie.

Smith se Onsigbare Hand is mettertyd tot 'n *mite* verhef. Daarmee het die skerp kritiek wat hy op monopolieë, op hulle mag en op hul onverdiende "winste" (beloning) uitgespreek het, verlore gegaan. Ten spyte van Smith, gedy monopolieë en oligopolieë in die kapitalisme.

In 1817 het Dawid Ricardo aangedui dat die Gentry (grondaristokrasie) in Brittanje 'n magsblok verteenwoordig wat sy ekonomiese en sy politieke mag misbruik om homself onverdiend te beloon. Die Gentry was die eienaars van al die vrugbare landbougrond in Brittanje en het sedert 1688 óók die Gentry Parlement beheer. Hulle het hul parlementêre mag misbruik om Koringwette op die wetboek te plaas, waardeur hoë tariewe op die invoer van koring gehef is. Dit het die binnelandse koringprys laat styg en die koringboere (wat die grond gehuur het) in staat gestel om nog hoër grondrente ("rent") aan die Gentry te betaal. Elke keer wat die parlement die invoertariewe op koring verhoog het, het dit die Gentry bemagtig om hulle onverdiend met "rentseeking" te verryk.

Ricardo het gepleit dat die Koringwette afgeskaf moet word en die stemregstelsel gewysig moet word sodat die opkomende industriële burgerstand (bourgeoisie) beheer oor die parlement sou kry en sodat omstandighede geskep kon word waarin die industriële kapitaal- eienaarsklas die groots moontlike winste (beloning) sou bekom. Van 1832 tot 1846 is aan al Ricardo se versoeke voldoen.

Die Ricardo-geïnspireerde hervormings het die bemagtigingsvoorwaardes geskep vir die opkoms van Laissez-faire kapitalisme. In hierdie Ricardiaanse stelsel het nuwe industriële monopolieë ontstaan en het die industriële eienaarsklas met nuwe vorme van "rentseeking" geslaag en hulself ten koste van die arbeiderstand verryk.

Laissez-faire kapitalisme het op 'n skouspelagtige wyse in duie gestort – in 1914 in Europa en in 1929 in die VSA. Hierdie stelsel het die kiem van sy eie ondergang in sy onregverdigde beloning-en-bestrafingsmeganisme gedra. Die 19de eeu was 'n

aaklike eeu vir die werkersstand en vir die mense in die Suide, terwyl die kapitaaleienaars buitensporig verryk is.

Aan die begin van die 20ste eeu het Josef Schumpeter beweer dat ondernemings wat met tegnologiese en organisatoriese vernuwing slaag, *tydelik* 'n monopoliewinste sal bekom en groot winste sal maak. Volgens hom is hierdie soort monopoliewinste (of Schumpeteriaanse winste), geoorloof want dit is die spesiale beloning wat die gemeenskap aan diegene moet toedeel wat te midde van groot risiko's met vernuwing slaag en daarmee die algemene belang bevorder.



In die dekades ná die EWO is algemene stemreg in Westerse lande ingestel en het vakbonde die (Ricardiaanse) wanbalans tussen die magsposisies van kapitaaleienaars en die arbeiderstand begin regstel. Ná die Groot Depressie (1929-33) en ná die TWO het alle Westerse lande eenstemmigheid bereik oor die wenslikheid van 'n (Keynsiaanse) sosiaal-demokratiese benadering wat op 'n noue samewerking en interafhanklikheid tussen kapitalisme en demokrasie neergekom het.

Die beloning-en-bestraffingsmeganisme wat in die derde kwart van die 19de eeu in Westerse lande in plek was, was waarskynlik die beste politiek-ekonomiese stelsel wat tot nog toe ontwerp was. Die verteenwoordigende demokratiese politieke stelsel het die ongelykhede en die sosiale onreg wat deur kapitalisme geskep is, na wense gekorrigeer. Dit gebeur steeds in kontinentale Europa.

Met die opkoms van demokrasie in die 20ste eeu is die demokratiese beginsel ook aanvaar. Volgens hierdie beginsel moet *alle* persone en instansies wat oor mag beskik – ongeag watter soort mag – gereeld tot *verantwoording* geroep word oor die wyse waarop hulle hul mag gebruik of misbruik. Die *toerekenbaarheidsbeginsel* waaraan alle maghebbers onderwerp móet word, is vir die demokrasie van kardinale belang.



Die 1970's was 'n slegte dekade vir die VSA. Hy het oorloë verloor, stagflasië ondervind en sy prestige het gedaal. In 'n desperate poging om hierdie agteruitgang te stuit, het Pres Reagan in 1981 sy verbintenis tot die sosiaal-demokratiese benadering eensydig opgesê, en met sy aanvaarding van die *neoliberale* benadering die ideologiese horlosie na die Laissez-faire kapitalisme teruggedraai.

Reagan se neoliberale beleid het tot die bemagtiging van transnasionale korporasies (TNK) en tot die afwatering van die demokratiese politieke stelsel gelei. Sedert 1980 het die TNK van 10 000 tot meer as 40 000 vermeerder.

Sedert die vroeë 1980s plunder die TNKs (van die VSA, Europa en Japan) die arm Suidmeedoënloos as deel van die Amerikaanse-gedrewe post-koloniale imperialisme. Die TNKs is nuwe vorme van monopolieë en/of oligopolieë wat met die ondersteuning (beskerming) van Westerse regerings, die Amerikaanse weermag, die Bretton Woods Instellings en die WTO, met "rentseeking" slaag en groot onverdiende oligopolistiese "winste" maak.

Die beloning-en-bestraffingsmeganisme van neoliberale globale kapitalisme beloon 'n klein minderheid van die wêreldbevolking wat oor korporatiewe mag, oor eiendom en oor vaardighede beskik op 'n rojaliese wyse. Hierdie meganisme sluit egter die meerderheid van die wêreldbevolking uit omdat hulle nie produktief genoeg is nie, en nie oor eiendom en vaardighede beskik nie, en straf hulle met strukturele armoede en werkloosheid. Drie biljoen van die wêreldbevolking probeer om op minder as \$2 per dag te oorleef en sowat 'n biljoen is struktureel werkloos. Ons leef weer in 'n aaklige wêreld.

Sedert die opkoms van neoliberalisme en die afwatering van demokrasie na 1980, het die gaping in die *binnelandse* verdeling van inkome van alle lande en die gaping in die *internasionale verdeling* van inkome tussen die Noorde en die Suidmeedoënloos groter geword. Lande in Asië se per capita-inkome vis-a-vis dié van die Noorde het wel gestyg, maar die ongelykheid in hulle binnelandse verdeling van inkome het so skerp toegeneem dat sosiale onrus hulle in die oë staar. Die per capita inkome van die Suidmeedoënloos is minder as 1/5de van dié van die Noorde

Met die verswakking van demokrasie sedert 1980 het die *toerekenbaarheid* van diegene in magsposisies óók afgewater geraak. Soos die Enron-skandaal (2001) en die Meltdown (2008) aantoon, beskik die Amerikaanse regering geensins meer oor die vermoë om die oligopolieë (of TNKs) wat hulle aan wangedrag skuldig maak, effektief tot verantwoording te roep nie. Ten spyte van Reagan se neoliberalisme – of juis as gevolg daarvan – het die Amerikaanse empire baie kwesbaar geword.



Hoe funksioneer die beloning- en-bestraffingsmeganisme in Suid-Afrika?

Van 1910 tot 1994 het die blankes die ekonomiese én die politieke stelsel beheer. Gevolglik is die blankes deur albei stelsels onverdiend beloon, terwyl swartmense deur albei die stelsels verontreg is en met armoede bestraf is.

Sedert 1994 het die kapitaaleienaarsklas (die bourgeoisie) 'n veelrassige karakter verkry. Die rykste 10 miljoen (20% van die bevolking) ontvang nou byna 74% van totale inkome - 6,2 miljoen is swart en 3,8 miljoen is blank. Die armste 25 miljoen ontvang slegs 8,5% van inkome.

Die Suid-Afrikaanse kapitalistiese stelsel is volledig ingeskakel by die neoliberale globale ekonomie wat deur die VSA beheer word. Die beloning-en-bestraffingsmeganisme van die Suid-Afrikaanse ekonomie werk net so onregverdig en sosiaal ontwrigtend as in die Amerikaanse beheerde globale stelsel.

Die swakhede van Suid-Afrika se beloning-en bestraffingsmeganisme is egter baie erger as dié van die VSA. In die VSA het ons 'n demokratiese regering wat swig voor die mag van globale korporatiewe sektor en nie meer die ongelykhede wat kapitalisme skep, korrigeer nie. In Suid-Afrika stel die ANC ook nie die ongelykhede wat die kapitalisme skep reg nie, maar met sy beleid van élite-bevoordeling veroorsaak die ANC selfs *groter* ongelykhede en *groter* sosiale onreg as wat die kapitalisme voortbring.

In 'n goedfunksionerende demokrasie het kiesers die geleentheid om tussen verskillende politieke partye te kies. In die volgende verkiesing kan die kiesers die regerende party òf met herverkiesing beloon, òf hom met nederlaag bestraf omdat hy nie na wense regeer het nie.

Suid-Afrika is in baie opsigte net in naam 'n demokrasie. Ons het rede om te vrees dat die ANC nie in 'n verkiesing uitgestem gaan word nie, ongeag hoe swak hy ookal regeer. Die armes is te arm om op 'n betekensivolle manier aan die demokratiese deel te neem. Goedontwikkelde burgerlike organisasies wat 'n voorvereiste vir demokrasie is, bestaan ook nie in hulle geledere nie. Die armes se keusevryheid word ook beperk omdat meer as 10 miljoen se lewensbestaan op toelaes berus.

Die ANC se politieke magposisie is vergelykbaar met dié van die absolute *monarge* wat in Engeland in die 17de eeu regeer het. Indien Suid-Afrika 'n ware demokrasie was, sou die ANC-regering hom oor die goeie orde en die algemene belang van al 50 miljoen verantwoord het. Dit gebeur nie. Net soos 'n absolute monarg (in die 17de eeu) regeer die ANC hoofsaaklik in belang van die ANC-faksie wat die president en sy binnekring aan die bewind gestel het.

Pres. Zuma beloon sedert April die ANC-faksie wat hom gesteun het arbitrêr, en bestraf die Mbeki-faksie(s) ewe arbitrêr. Die selektiewe élite-bevoordeling word eufemisties as kader-ontplooing beskryf. Pres. Mbeki het óók soos 'n absolute monarg regeer. Hy was die argitek van 'n yslike ANC- patronaatnetwerk. Uiteindelik het sy soort absolutisme en sy soort élite-bevoorregting teen hom geboemerang.

Ons wag op die ANC-kongres van Desember 2012. Vanweë die groot ideologiese verskille tussen Alliansie-vennote is 'n volgende ronde van faksie-gevegte onvermydelik. Terselfdertyd wag miljoene ANC-lede desperaat (maar tevergeefs) om ook deel van die patronaatnetwerk te word.

'n Etos en kultuur van *beloning-sonder-bestrafing* het sedert 1994 in die ANC se élite-kring (sowat 4 miljoen mense) ingeburger geraak. Die ANC-élite argumenteer dat sy lede deur apartheid gestraf is en dat hulle nou op beloning-sonder-bestrafing geregtig is!

As dit so is, wat dan van die armste 25 miljoen? Hulle is baie swaarder deur apartheid gestraf, terwyl hulle sosiaal-ekonomiese posisie oor die afgelope 15 jaar verder versleg het. Maar vanweë die reusagtige bedrae wat die ANC sedert 1994 vermors op administratiewe ondoeltreffendheid, op wanregering, op uitspattighede élite-beloning-sonder-bestrafing – én vanweë die massiewe korrupsie wat die ANC onbestraf laat bly voortwoeker – beskik die ANC-regering eenvoudig nie oor die fondse om meer op armoedeverligting te bestee nie!

Die toerekenbaarheidsbeginsel bestaan ook nie in die ANC se absolutistiese bestel nie. Die afgelope 15 jaar staan vol "mylpale" van ANC-mislukkings – ondoeltreffendheid, korrupsie, wanbestuur, verwaarlosing van die armes en die siekes ens. Maar die ANC-lede wat vir die mislukkings verantwoordelik is, word nóg deur die ANC-regering, nóg deur ons grondwetlike bestel effektief tot verantwoording geroep.

Dit word beweer dat slegs 10% van diegene wat kriminele misdade in Suid-Afrika pleeg, vasgetrek en gestraf word. Indien dit waar is, dan word Suid-Afrika met behulp van die 90% misdadigers wat ongestraf bly, met behulp van die ANC-élite se kultuur van beloning-sonder-bestrafing - en met behulp van die revolusionêre potensiaal wat in die plakkerskampe broei - op 'n vinnige glybaan na 'n mislukte staat geplaas. Wanneer die mislukte staat ineenstort, sal almal van ons die straf van die ANC se wanprykyke moet dra.